# OLOFF DIE SEEROWER

No. 15




Skaars is die laaste woorde uit of skiet Oloff se swaard op. Die eerste steek is wyd – doelbewus. Soos hy verwag het, kap die Skedel woes na daardie kant toe. En dan skeur Oloff se swaardpunt deur die seerower se baadjie aan die ander kant. Die Skedel tree terug. Maar Oloff is op hom. Steek na steek, so vinnig dat net maar die flitse van die lamplig op die staallem sigbaar is, reën op die Skedel neer en elke steek word net van Oloff se gewrig af geloods. Sy regterarm bly feitlik reguit. Asof hy oor die vloer gly, wieg hy liggies op en af en skuif hy gedurig vorentoe sonder om werklik sy voete op te lig.
Toe hy die eerste steek lewer, het 'n paar mans begin lag. Dit is duidelik dat hulle heeltemaal iets anders verwag het. Die geluid het in hul kele gestuit. Daar is nou stilte.

Stofomslag: Chris du Plooy

# OLOFF DIE SEEROWER

No. 15



Die Blou Robyn

GERRIE RADLOFF

# Hoofstuk 1

,,Wat is jou mening, kaptein Nautier? Het ons 'n kans om lewendig hier uit te kom?''

Die kaptein van die Nantes antwoord nie dadelik nie. Dit is amper asof hy die vraag nie hoor nie. Sy sterk vingers streel peinsend oor die netjiese swart moestas op sy bolip. Sy skerp oë gly teen die maste op en dwaal oor die vol, bollende seile, asof hy hul vermoë oordeel. Hy sien die matrose wat daar rondklouter en hy is bewus van die spanning in hul houding.

Hy kyk oor sy skouer na die stuurman. Sy lippe beweeg asof hy iets wil sê, maar hy verander van plan: Dit sal nie help hulle probeer 'n ander koers inslaan nie.

Dan rus sy blik op die Nantes se susterskip, die Lodewyk II, wat so 'n honderd tree skuins agter die Nantes vaar. Die boeg wat gelyk met die Nantes se agterstewe is, ploeg 'n skuim voor deur die rippelende deinings wat saam met die twee skepe voor die wind uitjaag.

Daarna werp hy sy blik op die wye see uit. Die horison is skoon, maar ver duskant die kim beur die vier kapers op hulle af en gedurende die afgelope uur het hulle stadig nadergekom.

Vandat die wag in die kraaines die seerowers kort ná sonop gewaar het, voel kaptein Nautier al onrustig. Dit is bekend—en daar word dikwels na dié feit verwys—dat hy nie 'n bang haar op sy kop het nie. Maar vandag dreig 'n lustelose gevoel van oorgawe aan die noodlot kort-kort om hom te oormeester. Hy sou uit eie beweging miskien nie die hasepad gekies het nie, maar in dié geval is hy oorreed deur die jong man wat hom so pas gevra het wat hul kanse is om te ontvlug.

En nou kyk hy na graaf Louis Montrés. Hy sien die wakker, oop gesig van die edelman en die blos van spanning op sy wange. Hy

sien die vasberadenheid in die ander se blik en hy weet dat wat sy antwoord ook al mag wees, die jong Graaf dit kalm sal aanvaar en tot die dood toe sal veg. Hy het al dikwels gehoor dat Louis Montrés een van die knapste swaardvegters in Frankryk is.

En onderwyl die kapers so onverbiddellik in hierdie geluidlose wedloop op hulle afstuur, voel kaptein Nautier vir die eerste keer die werklike lewensbelangrikheid van die doel van die reis wat hy gevra is om te onderneem. Maande gelede het graaf Louis Montrés hom genader en aan hom verduidelik dat hy dadelik wou afreis na Cayenne aan die noordkus van Suid-Amerika. Hy het Nautier nie meegedeel wat die doel van sy besoek aan die Franse kolonie Guiana is nie.

Maar kaptein Nautier het agtergekom dat daar meer as 'n amptelike besoek agter die versoek skuil. Hierdie vermoede is aangewakker deur die feit dat graaf Louis toestemming van die Koningshuis gekry het om die Nantes en die Lodewyk II, twee skepe van die Franse vloot, te kommandeer. En dit is algemene kennis dat hierdie jong Graaf prins Etienne se beste vriend is. Ook weet kaptein Nautier dat verreweg die grootste gedeelte van dié Franse kolonie aan prins Etienne persoonlik behoort.

Die reis het voorspoedig verloop. Hulle het by Cayenne aangedoen en ná 'n paar dae die terugreis begin. Maar nou, hier reg oos van die Wes-Indiese eilande, kom hulle die kapers teë.

Vandat kaptein Nautier hulle gesien het, het hy nie veel gesê nie. Aan graaf Louis se houding wil dit vir hom voorkom asof die edelman nie soseer oor sy lewe bekommerd is nie—alhoewel hy gevra het of hulle lewendig hier sal uitkom—maar meer asof daar 'n plig op sy skouers rus wat uitgevoer moet word en wat nou gevaar loop om gedwarsboom te word.

,,Dit hang af,'' antwoord die kaptein afgemete, ,,of hulle belang stel in slawe of nie.''

Graaf Louis lig sy wenkbroue.

,,Jy is dus daarvan oortuig dat ons ons nie met sukses sal kan





verdedig nie?''

,,Ons het dit reeds bespreek, graaf Louis. Het ek vroeër 'n aanvalstaktiek beplan, sou ons dalk. . .''

,,Ek weet! Ek weet!'' roep die edelman uit. ,,Dit was op my aanbeveling dat ons onder hulle probeer uitvaar. Ek besef dat dit 'n fout was.''

Doelbewus glimlag kaptein Nautier. Hy kan sien dat Louis Montrés heeltemal ernstig is en dat hy berou het oor sy vroeëre aanbeveling. Amper vra die kaptein hom wat dit dan is wat hom laat besluit het om die hasepad te kies. Maar hy bedwing hom. Dit is die Graaf se voorreg om hom dit mee te deel indien hy wil.

,,Ons moet maar eers so voortgaan,'' sê die skeepskaptein dan. ,,Miskien draai die wind. Dikwels gebeur dit dat die vaart van 'n skip wissel buite verhouding met die sterkte van die wind.''

Maar selfs onderwyl hy praat, weet Louis Montrés dat die kaptein nie veel hoop in hierdie rigting koester nie. Vroeër of later—en dit sal kort op die middag wees—sal hulle 'n aanval moet afweer.

Hy maak verskoning en gaan met die trap van die kompanjiedek af. Hy bereik sy luukse kajuit langs dié van die kaptein, waar sy lyfbediende, Gilles Destillier, besig is om 'n knoop aan 'n silwergeborduurde onderbaadjie van die Graaf te werk. Louis Montrés stoot die deur agter hom toe. Hy luister 'n oomblik met sy oor daarteen asof hy wil vasstel of iemand dalk daar buite in die gang agter hom aangekom het. Gilles hou hom angstig en met 'n mate van verbasing dop. Maar daar is nie veel uitdrukking in die donker oë onder die swaar wenkbroue nie. In teenstelling met sy meester, is dit amper asof sy bewegings lomp en stadig is. Maar in sy blik is 'n ernstige gloed van lojaliteit teenoor die man in wie se diens hy staan.

,,Dit lyk amper asof jy onbewus is van die gevaar wat op ons afsluip, Gilles,'' merk die Graaf op.

Gilles Destillier haal sy skouers liggies op, en glimlag. As hy

antwoord, is dit asof sy woorde tydsaam oor sy lippe kom.

,,Ek het werk hier, Hoogheid. Sodra u my dienste elders benodig, weet ek dat u my sal roep. Intussen is daar nie veel wat ek aan die saak kan doen nie.''

,,Soos altyd: doodluiters en kalm, Gilles.'' Die Graaf lag, maar oombliklik is hy weer ernstig. Hy stap deur die kajuit na een van die ystertrommels teen die skot. Twee swaar slotte hang aan die deksel en die Graaf haal 'n paar sleutels uit 'n binnesak van sy baadjie. Hierdie trommel is die enigste waartoe Gilles nooit toegang verleen word nie.

Graaf Montrés sluit dit oop en onder 'n paar stukke materiaal uit haal hy 'n klein pakkie. Dit is skaars vier duim breed, ongeveer 'n duim dik, maar sowat twaalf duim lank. Dit is buigbaar sodat 'n mens dit maklik teen jou liggaam onder jou klere sal kan versteek. Die Graaf hanteer dit asof die inhoud uiters breekbaar is.

Gilles het maar net so af en toe sy oë van die naald en gare opgetel. Hy sit nou die baadjie neer toe die Graaf nader kom.

,,Dit is hierdie pakkie, Gilles,'' begin Louis Montrés ernstig, ,,wat die reis na Cayenne genoodsaak het. Die inhoud is ál wat ek daar gaan haal het.''

Gilles sê niks. Daar is min van sy meester se sake waarvan hy nie weet nie. Maar die doel van hierdie reis is selfs vir hom geheim gehou. Hy onthou nog die dringende besoeke van prins Etienne en sy suster, prinses Marie-Celeste. Hy onthou nog hul samesprekings agter geslote deure. Die Prinses is 'n heel paar jaar ouer as die jong Kroonprins. Hul vader is 'n jaar of wat gelede oorlede en prins Etienne sal op sy agttiende verjaardag amptelik die troon bestyg. Hierdie besoeke aan graaf Louis Montrés het kort ná die Koning se dood plaasgevind.

Dikwels het Gilles gewonder waarom daar sulke geheimsinnige reëlings getref is vir graaf Louis om na Frans-Guiana te reis. Hy het geweet van die uitgestrekte landgoed van die Kroonprins in die kolonie, maar nooit het hy uitgevra nie en nou lyk dit asof hy





uiteindelik die verklaring sal hoor. Tog laat sy meester se woorde hom amper meer verbysterd as vantevore.

,,Gilles,'' sê graaf Louis ernstig, ,,ek versteek hierdie pakkie onder my klere—hier, sodat dit teen my sy druk.'' En onderwyl hy praat, voeg hy die daad by die woord. ,,Of ons daarin sal slaag om die kapers af te weer en te ontvlug, weet ek nie. Maar wat ook al gebeur, Gilles, hierdie pakkie móét die koninklike hof van Frankryk bereik.'' Hy benadruk elke woord. ,,Dit moet persoonlik aan prins Etienne of aan prinses Marie-Celeste oorhandig word.''

En sonder dat hy dit hoef te sê, weet Gilles dat die Graaf die noodsaaklikheid hiervan ver bo die waarde van hul albei se lewens beskou. Dit is asof hy agterkom dat die jong edelman, wat oral bekend is om sy eerlikheid en sy stoere lojaliteit teenoor die Franse kroon, sal moor en bedreig solank hy net daarin kan slaag om die inhoud van daardie pakkie veilig in die Franse hof te besorg.

Gilles Destillier knik. Hy vou die baadjie waaraan hy gewerk het netjies op en onderwyl daar stilte tussen hulle heers, pak hy dit in 'n trommel weg.

,,Ek sal by u bly, Hoogheid,'' sê hy eenvoudig.

,,Dit is wat ek jou wou vra, Gilles,'' voeg die Graaf by. ,,Ek sal uit hoofde van my stand digby kaptein Nautier moet stelling inneem indien die seerowers aan boord kom. Val ek, is die kanse sterk dat my dooie liggaam geplunder sal word. Jy moet eerste daar wees, Gilles. Neem die pakkie en werp jou tussen die gewone matrose neer.'' Hy aarsel, maak dan 'n half hulpelose gebaar met sy hande. ,,Daarna is jou lewe in die hande van die Voorsienigheid—en ook die troon van Frankryk.''

En weer weet Gilles waaraan sy meester alles dink: Besluit die seerowers om die twee Franse skepe te buit sal die oorlewendes òf gedood en oor boord gewerp òf as slawe weggevoer word. Aan die ander kant mag hulle besluit om die twee skepe te laat sink en dan sal hulle die lyke aan boord los—leef Gilles dan nog, sal die see dan sy enigste vyand wees.

Louis Montrés keer terug na die kompanjiedek. Hy frons. Die kapers is veel nader en as gevolg van die korter afstand, wil dit voorkom asof hulle steeds vinniger op die Franse skepe afpyl.

Voordat hy 'n woord aan die bekommerde kaptein van die Nantes kan sê, bulder 'n enkele kanonskoot oor die water. Uit 'n geskutspoort in die boeg van die naaste kaper styg donker kruitdamp op. Skuins voor die Nantes plaas 'n kanonkoeël in die blou-groen deinings.

Kaptein Nautier kyk in die rigting van die kompanjiedek van die Lodewyk II. Dit is asof hy die kaptein van die Nantes se susterskip wil raadpleeg. Hy wend hom egter tot graaf Louis.

,,Ek het gehoop dat mistige weer dalk tot ons redding mag kom,'' sê hy bedaard, maar gespanne. ,,Ook was daar die moontlikheid dat ons tot vanaand kon voor bly en dalk in die donkerte van koers verander.'' Hy aarsel en dadelik verneem die Graaf.

,,Maar nou—wat doen jy nou aan die hand?''

,,Hulle is nog almal aan bakboord,'' antwoord Nautier dadelik. ,,Dit sal nog geruime tyd duur voordat hulle hul magte kan verdeel en twee van hulle aan ons stuurboord kan kom. Maar. . .'' Hy haal sy skouers op.

,,Jy dink nie dit sal veel help nie,'' vul die Graaf vir hom aan. ,,Dit sal maar net die onvermydelike ietwat uitstel, nie waar nie?''

,,Dit is so, graaf Louis.''

,,Dan moet ons besluit wat die beste manier sal wees om weerstand te bied.''

Kaptein Nautier aanskou die jong edelman 'n oomblik lank aandagtig. Weer kom hy tot die gevolgtrekking dat daar vir die graaf veel meer as net sy lewe op die spel is. Maar hy vra nie uit nie. Hy weet net dat 'n heel paar van die seerowers wat miskien daarin slaag om aan boord die Nantes te kom, dit nooit lewendig sal verlaat nie. Hy sien die sterk, slanke vingers aan die Graaf se linkerhand waar dit op sy swaardknop rus.

,,Haal in die seile van die middelmas!'' roep hy na die bootsman





wat vlak onder hom op die middeldek staan en angstig op bevele wag. ,,Stuurman, swenk skuins teen die wind en dwars oor die koers van die kapers. Kanonnier, hou 'n volle laag gereed.''

Dit is asof hierdie skerp bevele soos 'n veldvuur deur die bemanning sprei. Lank genoeg verduur hulle reeds die spanning van die wedloop waar hulle met gevoude hande die vyand sien naderkom het en die vernedering dat hulle op die vlug moes slaan. Hulle spring met vasberadenheid aan die werk en die bevele word snel uitgevoer.

Van die begin af het die kapers geen poging aangewend om hul identiteit te verberg nie. Vermeteld en selfversekerd wapper die swart vlag met die wit skedel en die gekruisde bene daarop afgebeeld aan die mastoppe. Dit is asof die seerowers uit die staanspoor aanvaar het dat hulle die prooi sal inhaal en buit.

Graaf Louis bal sy vuiste in 'n oomblik van magteloosheid. Hy kyk na die twee lae geskutspoorte weerskante van elk van die kapers. Hy sien die draaikanonne op die reling. Die Nantes en die Lodewyk II het gesamentlik skaars so veel kanonne as een van die kapers.

Maar die matrose en soldate aan boord is geoefend Graaf Louis voel trots op sy landgenote toe hy sien hoe ordelik hulle stelling inneem en hy weet hulle besef dat hulle vir hul lewens sal moet veg; hulle sal hulle goed van hul taak kwyt.

Twee van die kapers swenk na stuurboord. Hulle sal agter die Franse skepe probeer verbysny. Die Lodewyk II behou sy posisie. Die twee oorlogskepe beskerm mekaar, maar kan vrylik na albei kante toe skiet.

,,Kaptein!'' kom dit deur 'n afstandroeper van die voorste kaper af. ,,Ons stel net belang in jou vrag. Laat ons aan boord kom om dit te haal. Daarna kan julle ongehinderd voortgaan.''

Kaptein Nautier verwerdig hom nie om te antwoord nie. Hy wend hom weer tot die bootsman.

,,Sodra hulle binne trefafstand is, brand ons los.''

Dit is asof sy houding moed by die bemanning inboesem. Die kaptein verneder hulle nie deur 'n ooreenkoms met die seerowers te tref nie.

Die dek bewe onder Louis Montrés se voete toe 'n volle laag uit die bakboordkanonne bulder. Die bemanning juig. Die voormas van 'n kaperboot wat reg op hulle afstuur, kantel om en tuimel op die dek. In die bo-seile van die middelmas is twee groot skeure; andersins is die kaper onbeskadig.

,,Swaai kortom,'' gebied kaptein Nautier skerp en graaf Louis verstaan die strekking van sy bevel.

Hy verwag natuurlik dat die kaper na bakboord sal swenk om ook 'n sarsie op die Nantes te kan los. Deur dus na die kapers se kant te draai, sal die Nantes daardie volle laag van voor af ontvang en sal die kanse van 'n ernstige verminking veel kleiner wees. En wanneer die Nantes daarna heeltemal omgedraai het, sal die stuurboordkanonne op die kaper gerig wees. Met geluk aan hul kant behoort hulle dan een van die seerowerskepe buite aksie te stel. Dit sal die geveg op 'n meer eweredige basis plaas.

,,Sulke skurke!''

Dit is kaptein Nautier wat uitroep. Dadelik weet Louis Montrés dat sy afleidings omtrent die kaptein se gedagtegang reg was. Maar nou, tot sy ontsteltenis, sien hy die rede vir die kaptein se uitroep.

Die kaper het nie dwars gedraai soos hulle verwag het nie. Hy hou eenvoudig koers reguit na die Nantes toe. En die Nantes is halfpad met sy eie beweging. Die twee skepe vaar nou reg op mekaar af.

,,Hou aan met swaai!'' bulder die kaptein en graaf Louis verstaan dat dit die enigste uitweg is. Die draai sal voltooi wees voordat die kaper hulle kan bereik en dan kan die stuurboordkanonne miskien die aanval stuit.

Die kaper is skaars 'n honderd tree van die Nantes af toe die donker rook hier teen die kant van die skip op borrel. Die sarsie ruk die skip en skuimkabbels word van die kant af weggekap. Maar





meeste van die koeëls suis weerskante van die kapers verby. Graaf Louis kan maar drie plekke sien waar die seerowerboot getref is. Een van die gapende skeure is vlak op die waterlyn, maar dit sal hoegenaamd geen uitwerking hê voordat die kaper die Nantes tref nie.

En omdat hulle heeltemal omgedraai het, lê die Nantes nou wind-op. Die seile flap onseker, en reeds het die bootsman op die bemanning geskreeu en hulle gly met toue af en klouter teen die lere na die dek toe.

Die slag laat die Graaf vinnig na die reling van die kompanjiedek gryp. Alhoewel hy sy spiere gespan het om sy ewewig te behou, is die geweld waarmee die kaper se skerp neus in die kant van die Nantes inboor veel erger as wat hy verwag het. 'n Paar van die bemanning wat die dek nog nie bereik het nie, word in die see geslinger. Die groot middelmas kreun en dan kraak en splinter die hout soos dit neerstort. Kabeltoue spat uitmekaar asof dit garingdraad is. Seile skeur soos papier.

Die seesoldate het 'n sarsie geweerskote afgetrek 'n paar oomblikke voordat die botsing plaasgevind het. Dit het nie veel skade aangerig nie, want die seerowers is agter die hoë voorkasteel verskuil. Haastig herlaai die bemanning van die Nantes nou.

Agter hulle bulder die kanonne van die Lodewyk II. Die kapers wat agter om gevaar het, vuur elk 'n volle laag tegelyk af.

Maar Louis Montrés se aandag is op die groot kaperboot hier voor hom gevestig. Die skip het effens teruggeruk ná die slag. Stadig draai dit dwars en dan skiet vangysters deur die lug. 'n Paar val kort, maar meeste land op die dek van die Nantes. 'n Klomp matrose spring vorentoe om dit oor boord te smyt, maar die seerowers vuur met geweers en pistole en die bemanning moet haastig skuiling soek. 'n Paar van die ysters hak teen die kantreling vas en die twee groot skepe word stadig maar seker na mekaar toe getrek.

Die dek van die Nantes is feitlik gelyk met dié van die kaper. Van